Vir Breyten kan jy nie hashtag nie

Ek dink dis veilig om te sê dat Breyten Breytenbach op die oomblik nie spesifiek in vogue is onder my generasie Afrikaanssprekendes nie. Maar dis nie dat ons vandag sy genialiteit ontken nie, skryf AZILLE COETZEE.

- 27 SEPTEMBER 2019
- MENINGS & DEBAT
- 7 MIN OM TE LEES

Azille Coetzee

Breyten Breytenbach lewer 'n toespraak by Gent-universiteit in 2014 toe hy 'n ere-doktorsgraad ontvang het.
THIERRY ROGE / BELGA / AFP

VERLEDE week word Breyten Breytenbach tagtig jaar oud en toe onthou ek weer van hom. Ek het hom jare nie gelees nie. Nie doelbewus nie, hy het my net ontgaan op ’n manier.

Dis nie toevallig nie, besef ek toe ek verder daaroor nadink. Ek dink dis veilig om te sê dat Breytenbach op die oomblik nie spesifiek *in vogue* is onder my generasie Afrikaanssprekendes nie. Hy is nie camp soos Loftus Marais, woke soos Pieter Odendaal, of cool soos Bibi Slippers nie. En sy werk is op allerhande maniere glad nie vergelykbaar met die rou, vroulike perspektiewe van swart en bruin jong digters soos Jolyn Phillips, Ronelda Kamfer, Koleka Putuma nie.

Dis nie dat ons vandag sy genialiteit ontken nie. In teenstelling met vorige generasies Afrikaners debatteer ons nie meer of ons hom deel ag van, of van waarde vir, die Afrikaanse taal en letterkunde nie. Ons aanvaar hom deesdae onomwonde as een van die heel belangrikste digters in die geskiedenis van ons taal. Afrikaans is deurtrek met Breytenbach, ons literêre verbeelding is deur hom gevorm. Ons het hom bestudeer op skool en universiteit, opstelle oor hom geskryf. Ons het sy liefdesgedigte gememoriseer. Telkens vir god verloor en gevind in die zen mistiek van sy verse. Breytenbach is ’n rite of passage vir ’n soort intellektuele (wit?) Afrikaans-wees van my generasie.

Dis nou risiko-vry

In Suid-Afrika post-1994 is daar nie meer risiko aan verbonde (en die status wat daarmee saam gaan) om ’n Breytenbach-liefhebber te wees nie. Tog bly hy ook by my generasie buite die hoofstroom. Sy verhouding met die Afrikaanse leserspubliek was nog altyd dubbelsinnig en dit lyk of dit steeds vandag so is. *Katalekte* of *Ysterkoei* verskyn nie herhaaldelik op Instagram soos #CollectiveAmnesia of #fotostaatmasjien nie, word nie mooi gefotografeer langs ’n cappuccino of ’n glas wyn nie.

Het hy oud en irrelevant geword? Het die Afrikaanse kollektiewe politieke bewussyn hom uiteindelik verbygesteek?



Nee. Dis dekades later en Breytenbach bly ons nog een voor. Die verstaan van die dekolonialisering van Afrikaneridentiteit wat hy reeds in 1973 uitspreek, en daarna deurlopend ontwikkel in sy werk, is vandag steeds in lyn met gesofistikeerde, kontemporêre, filosofiese en akademiese narratiewe oor dekolonialisering. "Ons is 'n bastervolk met 'n bastertaal. Ons aard is basterskap." Dis in pluraliteit, eerder as in suiwerheid, waarin die voortbestaan van die Afrikaner in Suid-Afrika lê: "Ons moet kompos wees, ontbindend om wéér in ander vorme te kan bind." Dinge gaan verkeerd vir die Afrikaner wanneer ons ons identiteit probeer stol in 'n soeke na suiwerheid, "áfkamp, bekamp, verkramp". Ons toekoms is ons verandering, omvorming, sê hy. Vandag, vyftig jaar later, sukkel die Afrikaner as groep steeds om hierdie visie te internaliseer, hou ons aan om daarteen vas te skop.

Ná 1994 rig Breytenbach sy kritiek onder meer teen die Waarheid- en Versoeningskommisie en die Mandela-regime se versuim om meer ingrypende ekonomiese hervorming teweeg te bring. Destyds is daar gewonder of hy die pad byster is, maar in 2015 dring die belang en waarde van sy kritiek stellig tot ons deur toe die #mustfall-bewegings dit luid herhaal.

Hy het sy edge gehou

Breytenbach verloor nie sy edge nie. Die teenoorgestelde is eerder waar, dink ek. Al is ons oopkop en ingelig, meer as ooit tevore, ontbreek daar by ons vandag steeds, of weer, ’n aptyt vir die anargisme (wetteloosheid, onvaspenbaarheid) wat hy verteenwoordig.

Ons soek sekerheid in ’n gekunstelde post-truth internetrealiteit waar daar niks is om aan vas te hou nie. Meer as ooit gaan dit om die individu – individuele identiteit as kommoditeit. Die self as handelsmerk, versigtig afgebaken, verpak en verbete geadverteer. Ons soek na outentisiteit, die self word stabiel gevestig en bestuur, *post* vir *post*, betroubaar en konsekwent herhaal volgens die reëls van *branding*. Waarheid word gemeet aan wie dit uitspreek.

Breytenbach gun ons niks hiervan nie. “Ek stink van die kontradiksies,” weier hy enige poging om hom te laat vaspen. Hy het verskillende name vir homself. Hy vermeerder, verdubbel en verbuig. Hy bied homself aan deur refraksie, fragmentering en verplasing. Hy disintegreer voor ons oë. As jy dink jy het hom, is hy weer weg. Breyten is ’n ninja, sê ’n vriend van my.

Sy uitsprake is teenstrydig. Die lewenslange konsekwentheid wat ons deesdae van ons helde verwag, waarvoor ons hul sosiale media-tydlyne fynkam, ontbreek.
Hy is die digter van spieëls. Maar selfs in die era van die mirror-selfie kan ons vandag, met ons obsessiewe verhouding tot die spieëlbeeld en ons verwoede self-verteenwoordiging, ook nie daarmee identifiseer nie. Breytenbach se spieëlbeeld maak hom nie sigbaar nie. Wanneer hy in die spieël kyk, is dit nie ’n daad van narsisme, ’n tegnologie van self-kommersialisering nie. Dit is ’n transgressiewe proses van skepping, vervreemding, vervorming: “ek eg die ego: uit die are kom ’n eggo” en “die eggo is maar / net die ego / met een gee meer”. In sy skilderye is sy gesig wasig of versper.

Met die veelvuldige, onstabiele self in Breytenbach se werk kom ’n radikale ondermyning van die verswelgende individualisme van die neo-liberale kapitalisme waarin alles te koop is. Die self wat te voorskyn kom in Breytenbach se kuns bestaan in verhouding tot die ander. Die “I”/eye materialiseer deur die kreatiewe ingrype van ’n Ander. Die geïnsuleerde self van #selfcare verbrokkel.

Breytenbach bied homself aan as ’n nomade, wêreldreisiger, banneling, drifter, maar dis nie slick en mooi nie, nie soos #digitalnomad #goexplore #wanderlust #wonderfulplaces nie. Dit is ’n intellektuele, ontologiese en artistieke toewyding tot die liminale, tot dit wat onvas, onseker en tussenin is.

Hy is ’n wit man en hy skryf oor seks

Sy gedigte (en ander kuns) is deurdrenk met oosterse spiritualisme, maar eerder as die maklike, gekorporatiseerde tien-minuut-mindfulness meditasie #yoga #plantbasedgoodness stap hy ’n lang, moeisame pad met die Boeddhisme en Taoïsme, wat hy soms as lens gebruik om die Marxisme deur te beskou.

Hy is ’n wit man. En hy skryf oor seks op ’n manier wat nie meer gedoen word in die puriteinse populêre kultuur van die hede nie. Ons is bang vir seks, ons vermy uitbeeldings daarvan in kuns eerder as om die risiko te loop om dit verkeerd te kry. Vir Breytenbach is die erotiek onvermydelik, hy skram nie weg daarvan nie al is dit gevaarlik. Sy kuns is nie veilig, gesteriliseer en kuis nie.
Maar selfs meer taboe as die seks is die dood. Ons skaam ons daarvoor. Enige tekens van verval en agteruitgang van ons liggame smeer ons toe, vee ons uit, filter ons weg, trek ons reg, spuit ons styf. Ons doen #fitness en foam roll en drink geaktiveerde houtskool om ons binnekante, net soos ons buitekante, silwerskoon en ferm te hou. Breytenbach het ’n diep estetiese, talige en eksistensiële belangstelling in die ontbinding van die liggaam, die oplossing van die ego, verrotting, verlies en self-afwesigheid. “Ons dra die gene van die dood,” skryf hy, hy ruik die verderf in die kieliebakke. Ons draai ons koppe weg, kultureel kan ons dit vandag nie prosesseer nie.

Vir Breytenbach kan jy nie hashtag nie, nie maklik verbruik nie. Dis nie dat hy nie ook skoonheid bied nie, maar dis ’n skoonheid wat ons uitdrukkingsvorme oorskry. Die gladde, blink oppervlaktes ontbreek. Ons aandag is gefragmenteerd en Breytenbach probeer ons nie boei nie, daar is niks om te koop nie. Hy bied nie ’n tribe waarby jy kan aansluit nie, ’n cause waarvoor jy kan veg nie.

Breytenbach is tagtig en bly op die marges, wek steeds verwondering én angs in ons harte. Die transgressie wat hy bied, is wéér so radikaal.